Nader tot My

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B119a Eng/Afr

Skriflesing uit 2 Kron. 15:1-7

Kernvers: 2 – '…die Here is met julle as julle met Hom is, en as julle Hom soek, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.'

Hoe wonderlik om te weet dat God die onveranderlike God is in 'n veranderlike wêreld, waar maatstawwe van dag tot dag verander word – maatstawwe van geregtigheid, van ordentlikheid en van getrouheid. Dank God dat die standaard van die Bybel nog nooit verander het nie; as die Here iets belowe dan sal dit so wees. Daarom dat Hy sê as jy tot Hom nader, sal Hy tot jou nader en dit sal so wees!

God se Woord bly die waarheid, maak nie saak hoe deurmekaar dinge rondom ons is of selfs binne ons nie, Sy Woord staan vas.

Vers 4 sê: 'Maar as hulle in die nood hul tot die Here, die God van Israel, bekeer het en hom gesoek het, het Hy Hom deur hulle laat vind'. Ons het nie 'n ongenaakbare God wat net kyk waar ons foute maak sodat Hy ons kan straf nie, nee! Ons het 'n God wat groot is van barmhartigheid, genade en liefde.

Alhoewel God 'n regverdige God is, is Hy ook groot van goedertierenheid wat menigvuldiglik vergewe – ons sien dit keer op keer in die geskiedenis van Israel.

Hy is nog dieselfde God vandag. Soek sy aangesig in u binnekamer en stort u hart uit voor Hom en kyk wat Hy vir u sal doen…